

# Die Woensdag voor Jesus gekruisig is

(Markus 14:1-11):

Op die Woensdag voor die kruisiging, het Jesus in Betanië gerus, Hy word daar gesalf en Hy is ook deur Judas verraai.

Ons lees van die salwing in Markus 14:3-9 en daar word 'n belangrike kontras aan ons voorgehou.

Aan die een kant sien ons hierdie vrou se liefde en oorgawe. Sy gebruik baie duur nardusolie om op Jesus se kop uit te giet. Soveel so, dat die mense hulle verontwaardiging daarvoor uitgespreek het omdat hulle meen dat dit 'n vermorsing van hulpbronne is.

En dit staan dan in sterk kontras met Judas wat so min van Jesus dink dat Hy Hom vir 30 silwermuntstukke verraai.

Hierdie vrou gee alles in diens van Christus terwyl Judas Jesus vir 30 silwermuntstukke verraai.

Hierdie gedeelte beklemtoon daarom dat ons diensbaarheid aan Christus, die mees belangrikste dienswerk op aarde is. Niks is so belangrik soos om Christus te dien nie.

Daarom is dit belangrik dat ons moet sorg dat Jesus ook in ons lewens daardie eer kry. Ons liefde en diens aan Christus moet ook deur die wêreld gesien of geag word as verkwisting. Dit is hoe groot ons liefde en toewyding aan Christus moet wees.

Dis hoekom Jesus ook op 'n ander plek vir sy dissipels sê:

“As julle net dié liefhet wat vir julle liefhet, watter loon kan julle dan nog verwag? Maak die tollenaars nie ook maar net so nie? En as julle net julle broers groet, wat doen julle meer as ander? Maak die heidene nie ook maar net so nie?” (Matt. 5:46-47)

As ons eerlik is, sal ons erken dat ons toewyding uiters gebrekkig is. In die gejaagde lewe met beperkte tyd is ons stiltetyd dikwels die eerste wat in die hek duik.

Verder is ons baie meer besorg oor ons eie voorspoed en geluk as oor ander mense, buite ons gesin en familie, se welstand.

Al hierdie dinge wys dat ons liefde en toewyding nie op die regte plek is nie. Ons is so besig om te dink aan die dag van môre dat ons nie die tyd gebruik om vandag en hierdie oomblik aan Christus te wy nie.

Dis wat hierdie vrou gedoen het. Sy het besef dat haar Koning moet sterf. Sy het die evangelie verstaan en daarom was haar lewe op Hom gerig en nie op aardse voorspoed en geluk nie.

Wanneer ons Jesus se offer verstaan, sal ons lewens verander. Jesus se offer aan die kruis wys vir ons hoe toegewyd Hy teenoor ons is. Hy sterf vir ons! Hy was bereid om te ly, sodat ons gered kan word!

Daardie liefde wat Jesus aan ons bewys, moet groot liefde vir Hom in ons binneste wek. Ons is ons lewens aan Hom verskuldig.